# Lesing 07.04.2018 - DEEL 12 - Dogter van Sion - Is daar nog so `n huis in die RSA?

### Droom van 6000 jaar, 6 maande en 6 dae

Nou wil ek graag my verhaal aan u vertel wat in hierdie week van 11 Augustus 2003 gebeur het. Ek het die Maandag die oproep van Aletta gehad, met die visioen soos alreeds beskryf en ontleed. Onthou, dit was die eerste keer wat ek ooit van die vrou gehoor het. Sy was nie op `n gereelde poslys nie en het haar inligting (Koeriers, boekies en die Boek van Herinnering) ontvang via familie wat dit vir haar aangestuur het. Daarom was dit ook vir my baie snaaks dat sy my nou eers gebel het. Hoekom het sy nie direk na 16 Desember 2002 vir ons gebel nie?

My gevolgtrekking is dat sy nou eers deur die Gees opdrag gekry het om dit te doen. Sou ons dit lankal ontvang het, sou die erns van die waarskuwing vervaag het. Ook sou ons dalk nie die nodige kennis tot ons beskikking gehad het om akkurate voorspellings te maak nie. Hoe dit ookal sy, JaHWeH is in beheer van alles en Hy beskik ons almal se lotgevalle.

Ewenwel, ek het die aand gaan bid en vir die Vader vir leiding gaan vra. Daardie nag ontvang ek die volgende droom:

Ek staan in die Dogter van Sion se kombuis/menasie op die plaas en my vrou gee vir my vier saggekookte eiers aan. Ek neem twee uit haar hand en toe begin ek die volgende woorde spontaan uit te spreek:

"***Ons moet vir die mense in die kerke gaan sê dat dat 6000 jaar verby is, 6 maande verby is en 6 dae verby is*.**"

### Die Woord van JaHWèshua aan Jakob Lorber

Die droom speel af in die plek waar ons op hierdie plaas van Dogter van Sion kos voorberei. Dus as ons geestelik daarna kyk, sal dit verwys na die maak van geestelike voedsel, wat ook tans my vrou se hooftaak is. Sy maak en bind al die boeke wat van hier af uitgaan. Vier eiers kan dus verwys na 4 boeke, die saggekook na iets wat redelik vars of onlangs is.

Die lesers wat reeds die afgelope jaar by die Dogter van Sion ingeskakel is, sal weet van die ongelooflike boeke wat ons Meester, JaHWèshua se woorde vervat en wat vir so lank in verborgenheid gebly het. Dit word tans vertaal en gedruk onder die naam, "***Die Nuwe Openbaring van Johannes***" wat deur die innerlike woord aan die beskeie komponis, Jakob Lorber, gedikteer is.

Hierdie boeke bevat die woorde van ons Messias gedurende Sy hele drie-en-`n-halfjaar getuie periode. Al Sy Woorde, al Sy wonderwerke, al Sy gelykenisse is nou beskikbaar in Afrikaans **IN SY EIE WOORDE**. Hierdie boeke is deur Homself gedikteer, ongeveer 162 jaar gelede aan Sy kneg Jakob Lorber in Oostenryk.

Is dit nie wonderlik nie, dat terwyl Hy die geestelike voedsel (die Nuwe Jerusalem) berei het in Oostenryk in 1840, Hy hier in Suid-Afrika die geestelike huis (Dogter van Sion nageslag) te Bloedrivier voorberei het. Beide was voorspruitend uit Sy ewige verbond wat Hy met die tweestammeryk van Juda en Benjamin gesluit het, aan wie Hy nog nooit `n skeibrief gegee het nie.

U moet vir die rekord weet dat beide Duisland/ Oostenryk en die Boerevolk se gelowige saadlyn hoofsaaklik uit die Juda-huis voortkom. (Lees asseblief die boekie, "*Die Boerevolk se oorsprong deur bedrog verberg*" wat by ons beskikbaar is)

Hierdie verborge Woord van Krag, wat ook die Seuntjie is, is werklik nog steeds in die baarmoeder, waar dit nog verborge gehou word. Ons verwag `n openbaring direk na die 280 dae draagperiode, soos wat deur Aletta gesien is. Dan sal die Seuntjie openlik deur die volk aanskou word, want dan word Hy fisies gebore. Oom Siener sê die volgende: **<u>GESIG:</u>** <u>3 November 1915</u>: "*Ek is tussen die Duitsers. Die man met die swart baard kyk hierheen*." Dalk Lorber?

Diegene van u wat alreeds met die eerste vier boeke (vier saggekookte eiers) bekend is, sal weet dat hierdie ongelooflike kennis deur JaHshua uiters noodsaaklik is vir enigiemand om die ten volle in die Gees wedergebore te word. Ons praat nou van `n vlak waar die wedergebore persoon slegs met `n bevel in die Naam van JaHWèshua verby `n persoon sal loop en sê, "*Word gesond in die Naam van JaHWèshua*" en dan weer sal kan verder stap.

Eers wanneer hierdie kennis in die Nuwe Openbaring saamgelees en geïmplementeer sal word met dié in die Evangelie van Johannes, sal ons as kinders volkome een in die Gees kan word met ons Messias soos wat Hy in **Johannes 17:11** belowe het.

***Joh 17:11*** *En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. My VADER van My Apaeid, bewaar in U Naam die wat U My gegee het,* ***sodat hulle een kan wees*** *net soos ONS.*

Ek glo verder dat hierdie NO ook die verseëlde boekie is wat aan Johannes gegee is in **Openbaring 10** en wat soet in die mond en bitter in die maag is en wat tot aan die einde verborge moes bly vir Sy kinders.

### Die tydperk in my droom

Ons weet nou wat die saggekookte eiers is, maar wat van die tydperk 6000 jaar, 6 maande en 6 dae?

As ons teruggaan na ons beredenering rondom die belofte dat dit sal wees soos in "die dae van Noag" en die feit dat die Boerevolk se 350 jaar periode in Afrika saam ten einde sal loop met die laaste jaar van die

6000 jaar wat verloop het, kan ons dus die datum bereken.

Vir die rekord werk ons met die Henog-kalender wat hoofsaaklik songebaseerd is. Daarin het die laaste dag van die laaste Israeljaar geval op 19 Maart 2003. Omdat ons na die einde van die afgelope 6de millennium kyk, moet ons na die Israelkalender gaan kyk en nie na die gewone Gregoriaanse kalender nie. Ook moet ons onthou dat `n dag op die Israelkalender in die aand begin en nie middernag, soos op die Gregoriaanse kalender nie.

As ons dus van daar af 6 maande tel en nog 6 dae tel, soos op ons kalender, kom ons by `n datum uit van sononder 22 September 2003, **dieselfde dag wat deur Aletta in haar visioen gegee is!!!**

Weereens vra ek u, kan dit hoegenaamd toeval wees?

## Die meet van profesieë met die Boek van Herinnering

Kom ons gaan meet hierdie openbaring met ons meetsnoer, die Boek van Herinnering en ons lees wat daar op bladsy 666 vir ons vertel word.

### Bladsy 666: Esegiël 5, 6 en 7

Dit val `n mens dadelik op dat die kerngedagte wat uit hierdie bladsy straal, die oordeel is, want die opskrifte lees as volg: "*Profesie teen die berge (nasies) van JisraEl, Die einde kom! Die einde kom!*" Terwyl ek hierdie gedeelte bestudeer het, val my oog op die datum, naamlik 22-09-2003.

As ons die datum bymekaartel, dat kry ons die syfer 18, wat weereens `n 6+6+6 syfer is. Is dit dan toeval dat hierdie datum op die Gregoriaanse kalender self `n 666 is, terwyl dieselfde dag op die Israelkalender die dag is wanneer die 6000 jaar verby, die 6de maand verby en die 6de dag verby is?

Wat sê **Esegiël 6:6** op hierdie bladsy 666 in hoofstuk 6, vers 6?

*6 In **al julle woonplekke** sal die stede vernietig (*fisiese stede, kerkleer, politiek*) en die Hoogtes (*kerkgeboue, parlement, monumente*) ruïnes word, sodat julle altare (*volkseie en geloofseie dinge*) vernietig en verlate sal wees, en julle drek-idole (*sportgod, Mammon, wapentuig*) verbreek sal word en verdwyn, en julle sontorings (*vals Christendom*) afgemaai en julle ondernemings (*BEE*) vernietig sal word.*

As ons hoofstuk 6 as die kern beskou, naamlik die gebeure rondom 22 September 2003, laat ons dan na die voorafgaande hoofstuk 4 en 5 kyk om te sien of daar nie enige ooreenkomste is met die afgelope gebeure in Suid-Afrika nie?

Hoofstuk vier beskryf `n Jerusalem, die geestelike stad van die Boerevolk, wat geestelik beleër word en waar Esegiël eerstens vir 390 dae en daarna vir 40 dae moet gaan lê om versoening te doen vir Israel en Juda.

Ook kry hy opdrag om garskoeke te eet wat op mensedrek gaargemaak moet word, want dit is hoe die volk hulle brood (woord) besoedel gaan eet. Dit het dan ook net so gebeur vanaf 1983, toe ons Bybels (Jerusalem) vervals is deur die Jood Johan Heinzowitch en ons ook na 1994 deel van die internasionale arena geword het en ons volk se kerke oormekaar geval het om die Wêreldraad van kerke en die kommuniste ter wille te wees. Ook kom JaHWeH in **Esegiël 4:16-17** en hy gelas die volgende;

*16 Ook het Hy vir my gesê: Seun van adam, kyk, Ek **verbreek die Staf van die Brood** in Jerusalem, en hulle sal brood by die gewig en **met kommer** eet en **water by die maat** en in stomme **smart** drink; 17 sodat hulle **gebrek** aan Brood en water het, en 'n man met sy broer verstom staan en verrot **in hulle skuld van ongeregtigheid.***

Hierdie profesie het in vervulling gegaan toe die verraderlike Broederbond die swart regters opgesteek het om die Ware Brood, naamlik die Boek van Herinnering en die Naam JaHWeH, met `n bevel van die Hooggeregshof van die mees gewyde Bloedrivier Gelofteterrein te verwyder. Daar is die staf van Brood gebreek.

In **hoofstuk 5** word Esegiël (wat JaHWèshua voorstel) instruksie gegee om sy baard (die breë Afrikanervolk in SA) af te skeer en in derdes op te deel.

*2 'n **derde** deel moet jy binne-in die Stad met vuur verbrand as die dae van die beleëring verby is; dan moet jy 'n **derde** deel neem [en] met die swaard stukkend kap rondom die [Stad], en 'n **derde** deel moet jy in die wind strooi; en Ek sal 'n swaard agter hulle uittrek.*

*3 Jy moet ook 'n **klein bietjie** daarvan neem en haar in jou slippe bind;*

*4 en **van haar** moet jy nog weer neem en haar binne-in die vuur gooi en haar met vuur verbrand; daar sal vuur van uitgaan in die hele huis van JisraEl.*

Omdat hierdie gelykenis `n geestelike sinnebeeld voorstel, laat ons dit geestelik ontleed. Die vuur stel voor die wêreldse drange en sinnelike lewe wat `n derde van ons volk sal gryp en verbrand deur peste en hongersnood, die swaard stel die Woord voor (**Openbaring 1:16**) wat `n derde sal stukkend kap wat nie na JaHWèshua wil luister nie, maar wat hulle kerke en dié se betaalde amptenare agternaloop. Die ander derde sal deur die wind (bose geeste) verstrooi word en kan moontlik ook verwys na die jongmense wat in massas emigreer.

`n Klein bietjie word egter in sy slippe behou en daarvan sal `n klein klompie weer deur die vuur van die wêreldse begeertes moet gaan.

Die volgende vers bevestig dat hierdie verhaal afspeel nadat Suid-Afrika (geestelike Jerusalem) onder die Nuwe Wêreldorde ingebring is. Sy is nou onder die nasies gestel.

*5 So sê my Meester JaHWeH: Sy is Jerusalem. Ek **het haar onder die nasies gestel**, en lande is daar rondomheen.*